# VOOROORDEEL TEEN DIE AFRIKAANSE SKOOLGESKIEDENIS-BOEK

F. E. Auerbach: *The Power of Prejudice in South African Education,* A. A. Balkema, Kaapstad, 1965. Prys: R2-50.

Hierdie omskepte M.Ed.-verhandeling wat mnr. F. E. Auerbach in Augustus 1963 by die Universiteit van die Witwatersrand ingedien het, is reeds te vore in hierdie blad bespreek.[1] Dit is nie my doel om te herhaal wat ek voorheen oor Auerbach se propagandistiese geskrifte gesê het nie. Sekere aspekte verdien egter verdere aandag vanweë aantygings wat teenoor die Afrikaanse skrywers van skoolgeskiedenisboeke gemaak word en die aanval op die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing.

Auerbach is soos die Bourbons van Frankryk: hy het niks geleer en niks vergeet nie. Teen Augustus 1963 was my eie reeks skoolboeke soos volg herdruk: st. VI, 1961 — 3de hersiene druk; st. VII, 1961 — 3de hersiene druk; st. VIII, 1960 — 2de hersiene druk; St. IX en X, 1962 — 2de hersiene druk. Hoewel mnr. Auerbach dit geweet het, het hy in 1963 slegs nog die eerste druk behandel omdat die nuwe drukke (hersien sondèr sy toedoen of kritiek) hom sy aanvalswapen uit die hand sou neem.[2] Hoewel hy weet dat die *onderwyser* in die eerste plek verantwoordelik is vir die vorming van die kind en nie die skoolboek nie,[3] volhard hy met sy aggressiewe propaganda teen die Afrikaanse skoolboek. Ek het indertyd aangetoon dat die soort „kritiek" van Auerbach „onregverdig en onbillik, onverantwoord en onverantwoordelik is en bereken om die skoolboek en sy skrywer *verdag* te maak".[4] Ek staan nog by daardie uitspraak. Hierdie „akademiese" propagandageskrif in sy huidige vorm het my nie oortuig van die teendeel nie.

Die lesers sal graag wil weet wie mnr. Auerbach is. Hy is 'n Duitse Jood wat as immigrant blykbaar in Suid-Afrika vryheid en veiligheid teen Hitler se vervolging gevind het, sowel as 'n lewensbestaan by die Transvaalse Onderwysdepartement in wie se diens hy Engels as vak in 'n Johannesburgse hoërskool doseer. Hy is nie bekend as 'n historikus nie; en is ook nie 'n geskiedenisonderwyser nie van wie se probleme, metodes en werkwyse hy weinig weet, soos blyk uit sy geskrif. Ook het hy nog nooit 'n skoolgeskiedenisboek geskryf of 'n bydrae tot die wetenskaplike navorsing

1. *Historia,* Oktober 1962, jg. VII, nr. III, p. 147-163.
2. Auerbach se verweer dat die eerste druk blywend in die skole gehou word, is nie volkome waar nie: die eerste drukke is deur verwerwing lankal uit die skole en vervang deur nuweres.
3. Auerbach se verweer dat die geskiedenisboek vir die vorming van die kind belangriker as die onderwyser is, is onhoudbaar, nieteenstaande hy ander se opinies tot steun inroep.
4. *Historia,* 1962, jg. VII, nr. III, p. 159.

van geskiedenis gelewer nie.[5] Tog tree hy sedert 1960 op as 'n „ekspert" oor die onderrig van geskiedenis op skool ('n rang deur die Engelstalige pers aan hom verleen), en sal as sodanig erken word in die buiteland (by die vyande van Suid-Afrika) wat ons omstandighede nie ken nie. Deur sy geskrif is 'n nuwe arsenaal aan hulle gegee wat voldoende politieke ammunisie bevat om die Afrikaner te ondermyn en in 'n swak lig te stel.

Prof. Robert Birley wat 'n voorwoord vir die boek geskryf het, loof Auerbach se „fearlessly"-optrede. Die inhoud het vir Birley reeds „agonisingly" oor die toekoms laat dink!

Oor die opvattinge van mnr. Auerbach soos dit in hierdie politiek-propagandistiese geskrif tot uiting kom, die volgende: Hy is bitter anti-Hitler en anti-Nazi (om begryplike redes). In Suid-Afrika meen hy te ontdek het dat die Afrikaners en hul leiers substitute vir Hitler en die Nazis is. Hy vereenselwig hom met uitsprake wat so 'n verband vermeld veral wat die *Christelik-Nasionale Onderwys* betref en kan nie ophou waarsku teen die „aggressiewe nasionalisme" wat deur die skoolboeke en C.N.O.-stukke gekweek word nie, wat „aksie" of optrede (fisiese aanranding — p. 129), teen ander groepe vereis. Deur teksboekkritiek meen hy sal ons die komende katastrofe verhoed; doen ons dit nie „we may . . . sit amidst the ruins of a lost war, leading a precarious existence under foreign domination" (p. 130 — na analogie van Duitsland). Auerbach speel hier werklik die rol van profeet wat Suid-Afrika betyds wil hervorm en red van 'n inval. Hy het tot die gevolgtrekking („firm conviction") gekom dat, indien skoolboekhersiening nie plaasvind nie, sal Hitler, hoewel hy die oorlog verloor het, „the peace in South Africa with his emphasis on blood and race" wen (p. 131). Auerbach eis „some immediate steps" om die vreeslike vooroordeel in die skoolboeke verwyder te kry of anders voorsien hy 'n soort van toekomstige bloedbad, waarin die Afrikaners ander bevolkingsgroepe gaan skiet.

Hy is daarteen gekant dat die Afrikaners staan vir „white consciousness" en dat hulle „white civilization" „indoktrineer". Hy neem dit in die boek op vir „our African fellow citizens" (p. 128-29) en glo en meen om te bewys dat „our people" (swart en blank) deur die skoolgeskiedenisboeke *verdeel* word. „The world" eis van ons verandering; ons is direk stroomop teen „the world", want ons „aggressiewe nasionalisme" (p. 124)

5. Die enigste navorsing wat Auerbach blykbaar gedoen het, was om in hoofstuk V oor *First Contacts between Europeans and Africans on the Cape Eastern Frontier* die bevindings van historici uit die liberale skool soos bv. J. S. Marais in sy boek *Maynier and the First Boer Republic*, huid en haar te aanvaar (p. 85-86). Ander gesaghebbendes bly vir hom Keppel-Jones en Macmillan, wat die apologete van dr. John Philip geword en die kant van die Bantoe teen die grensboer gekies het. In hierdie „navorsing" van Auerbach blyk dit dat ook hy, soos die filantrope van ouds, die kant van die grensbantoe kies: dié kon niks verkeerds gedoen het nie — die skuld het by die bose blankes gelê. Het tydgenote dan nie volgens hom getuig hoe vreedsaam, lieftallig, moreel hoogstaande, goedgeaard, eerlik en gasvry die Bantoe was nie (p. 123)? Hy veroordeel dit as Afrikaanse skoolboekskrywers daarna verwys dat die Stambantoe in die ou tyd „barbaars" was, en meen dat die optrede van die Bantoe (soos bv. die Zoeloes by Bloukrans in Boesmanspruit) nie „murder or massacre" genoem moet word nie, maar „inter-group warfare" (p. 130).

neig daarna „to inculcate feelings of group superiority in all White children". Hierin sien hy Hitlerisme en Nazisme. („This aim was openly stated as the chief aim of National-Socialist Education in Germany by Adolph Hitler" — p. 122). Die Afrikaner as volk het nie reg om 'n eie groep te wees of aanspraak op „hulle eie" te maak nie, — dis „ethnosentrism". Afrikaners vanaf die Staatspresident, Administrateur, Direkteur van Onderwys, Minister van Onderwys tot die domste skoolboekskrywer loop deur vir hulle vooroordeel en beskouinge. Die skrywer beweer dat Alfred Rosenberg en ander Nazi-skrywers hier navolging gevind het — veral by dr. P. J. Meyer (p. 122). Sy propagandageskrif wat die Afrikaner en sy leiers aan Hitler koppel, is 'n aanklag teen en 'n „ontmaskering" van die Afrikaner voor die wêreld. Hulle word deur mnr. Auerbach in die beskuldigdebank geplaas — soos ons naastenby in die V.V.O. vind. Hy het getuienis afgelê (vooroordeel in skoolgeskiedenisboeke en onderwysideale) en regspraak gelewer — 'n veroordeling wat eis dat die Afrikaner selfmoord moet pleeg deur hom op te los in „the people" (swart en blank) van Suid-Afrika. Auerbach staan hier presies op die standpunt van die Afro-Asiate en die V.V.O.

Sy boek is uit die gesigspunt van die Nie-blanke — veral die Bantoe — geskryf. Dit verbaas ons nie, want mnr. Auerbach is 'n *radikale liberalis* wat 'n Afrikaner as 'n aartsvyand bejeën. Hy tref nie onderskeid tussen bevolkingsgroepe, kulture, ras of kleur nie. „The people' 'is almal gelyk — afgesien vàn beskawingspeil. Nog minder tref hy onderskeid in geloof en lewensbeskouing: almal is eenders, die een so goed soos die ander. Hy heg geen besondere waarde daaraan of 'n mens tot 'n kultuurgroep of godsdiens behoort nie (almal in Suid-Afrika behoort aan „the human family" en 'n „common humanity"): dié bindinge moet juis afgebreek word, voordat rasseharmonie, liefde, onderlinge eenheid en verdraagsaamheid kan intree. En dis die Afrikaner wat moet afgebreek word.

In *The Star* het mnr. Auerbach in 'n artikel onder die opskrif *Do we know we are living with dynamite?* geskryf: „Country-wide efforts must be made to make inter-group contacts on the basis of common interests alone, irrespective of language, religion, colour or politics, in the field of welfare, sport, religion and culture". Nadat hy in die betrokke artikel weer eens 'n aanval op die Afrikaanse skoolboek gedoen het, vervolg hy: „If such inter-group contact between human beings is denounced by politicians as 'political' they must be told firmly, that this is a matter outside politics. It is not the business of a democratic State to tell its citizens with whom they should associate in private life. If we do not take such active steps to 'get to know the other fellow' in other groups (swart en blank), we are in danger of regarding such groups as enemies. And that will lead to an increasing acceptance of violence as a possible line of public policy, to a feeling of 'if they protest, shoot them'. Once before in our generation prejudice ultimately resulted in mass violence. Most people then did not believe that it would happen, but it did" (in Duitsland).

In 'n ander politieke artikel van mnr. Auerbach in *The Star* van 17 April 1963, nl. *How to recover the West's respect* sê hy „ we must campaign for the abolition of unfair racial discrimination . . . we must vastly extend contact with educated non-Whites . . . If we can do these things, we may again claim to uphold Western Civilization . . . Let us be quite clear that the West has decisively rejected legally enforced unfair racial discrimination as being incompatible with the basic principles of Western Civilization".

Uit sy *The Power of Prejudice in South African Education* en die aangehaalde politiek-propagandistiese stukke blyk dit dat mnr. Auerbach onverdraagsaam, aggressief en gebiedend is — hy stel eise en stel dit skerp (dit herinner nogal aan sekere mense in die vooroorlogse Duitsland). Dit blyk dat hy meer die rol van ywerige propagandis en politieke verkondiger as opvoedkundige speel. Al sy skrikwekkende bevindinge is afgelei uit die vooroordele wat hy in die Afrikaanse skoolboek meen te gevind het.

Sy gevolgtrekkings is uit alle proporsie met sy „bewyse" wat soms aan die belaglike en onbenullige grens. Om 'n voorbeeld te noem: Op drie plekke in sy teks (pp. 89, 99, 130) val hy my aan oor my gebruik van die woorde „wall of Bantu" as „emotive words" wat „strong ethnic prejudice" en „foci for inter-group hostility" sou wees. In my st. VI-boek staan: „In die jaar 1778 het twee groot emigrasiestrome wat uit teenoorgestelde rigtings beweeg het, mekaar by die Visrivier ontmoet. Dit was die blanke koloniste en die Bantoe. Die Bantoe het uit die verre noorde al langs die kus na die suide beweeg. Hulle was goed gewapen en talryk en was net soos die blanke koloniste ook afhanklik van veeboerdery. Teen hierdie kragtige stamme het die trekboere hulle vasgeloop. Deur die muur van Bantoes kon hulle nie breek nie." Met „muur van Bantoes" het ek *letterlik* bedoel dat die trekboere nie verder kón nie. Mnr. Auerbach weier om dit in sy letterlike *Afrikaanse* betekenis te neem en lees meer daarin as wat daarin staan. Wat vir hierdie voorbeeld geld, geld *talle* ander! Hy het die boeke soos met 'n vergrootglas deurgesoek en in die meeste gevalle sy eie vooroordele (veral teen die Afrikaner) daarin geprojekteer, dit dan „ontdek" en aan die groot klok gehang.

Ek hoef nie daarop te wys hoe mnr. Auerbach met sy groot ontdekkings in koerante soos *The Rand Daily Mail, Sunday Times, The Star* en *Evening Post*[6] gesmous en hoe hy daarmee spesifiek teen die Afrikaanse skoolgeskiedenisboek propaganda gevoer het nie — blykbaar met die bedoeling om hulle in vertaalde vorm uit die Engelsmediumskole te weer. In die *Transvaal Educational News*[7] sê hy in soveel woorde aan die Engelstalige onderwysers dat my vertaalde Senior geskiedenisboek nie in Engelsmediumskole tuishoort nie: Hy praat van „our side" (Engelssprekendes) en „the gulf between" wat impliseer „their side" — die Afrikanervyande.

Mnr. Auerbach is 'n skrywer met besonder sterk vooroordele. Sy werk is uiters onkrities, aggressief en propagandisties. Wat sal die uitwerking

6. Vgl. *Historia*, Oktober 1962, jg. VII, nr. III, p. 147-150, voetnote.
7. Augustus 1962.

van sy *Power of Prejudice* op *my* en ander skrywers wees? Presies NUL. 'n Man wat so onverdraagsaam is teenoor die Afrikaners as kultuurgroep en hulle tydig en ontydig met Hitler en die Nazis by die Weste en Engelssprekendes hier verdag maak; wat met sy onverantwoordelike propaganda 'n stok in die hand van ons buitelandse vyande gee, so 'n man se werk verdien die verwerping wat dit hier sal kry. Dat daar sekere punte is waarin ek hom gelyk moet gee, neem nie weg nie dat hy sy saak so oordryf het dat hy dit daardeur self vernietig het. Dit is jammer want anders sou die boek nog oorweging deur skoolboekskrywers werd gewees het.

Prof. F. A. van Jaarsveld.